

Versoeking

Uittreksel van pastoor Nesor se preek: B191b Eng/afr.

Skriflesing uit Gen. 39:1-23

Kernvers: 9 – ‘Hy is in hierdie huis nie groter as ek nie en het my niks onthou nie behalwe u, omdat u sy vrou is; hoe kan ek dan hierdie groot kwaad doen en sondig teen God?’

Josef was die gunsteling seun van Jakob sowel as die seun van sy gunsteling vrou Ragel. Ons lees in Genesis 29:17 dat Ragel ‘n baie mooi vrou was. So was Josef ook ‘n mooi jong man en die seën van die Here was op hom. Sy broers was egter baie jaloers op hom gewees en wou hom doodmaak maar God het ingegryp en so is hy toe verkoop en as slaaf na die huis van Potifar geneem.

Egipte was dié land van daardie tyd: groot van welvaart, van kennis en krag. Hier was Josef nou in ‘n vreemde land, ver van sy ouers en sy volk. Hy was mooi van aansien en karakter en gou het hy Potifar se guns gehad. Maar sy vrou het hom raakgesien en begeer en hom dag na dag probeer verlei.

So maak die duiwel met ‘n mens – want hy het geweet dat God ‘n spesiale doel met Josef gehad het. Hy het ‘n fyn uitgedinkte plan beraam om Josef te versoek, toe daar niemand in die huis was behalwe die vrou en Josef het werk gehad om daar te doen.

Die duiwel word ‘die versoeker’ genoem en so sal hy ook al sy verdorwenheid inspan as hy vir u of vir my ‘n strik wil stel. Hy berei die toneel volgens elkeen se omstandigheid.

Maar Josef het gevlug want hy het gesê: ‘Hoe kan ek hierdie groot kwaad doen en sondig teen God? Dank die Here dat Hy vir Josef ‘n werklikheid was.

As God se Woord u nie kan vashou in die uur van versoeking nie sal niks u daaruit kan red nie....

Die Woestyn
...en versoeking

